# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 09:00**

## Ere aan God in die Hoogste Hemele

**Skriflesing**:
Lukas 2:1-20
(2020)

**Teksvers**:
Lukas 2:13-14

**Sing**:
Ps 98:1,2
Sb 12-2:1,2,3,4
Ps 130:1,2
Ps 8:1, 2,4
Sb 10-2
Ps 150:1,3
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Hierdie hartroerende lofsang van die engele by die aankondiging van ons Here Jesus Christus se menswording bly iets wat ons verbeelding aangryp. Hierdie gebeurtenis is iets ongewoon, dit gebeur nie elke dag nie. Inteendeel, die hele skepping het asem opgehou vir hierdie oomblik, en nou bars dit uit in lofsange. Die engele begelei die ganse skepping in hierdie loflied. Eer aan God in die hoogste hemele, vrede op aarde, in die mense 'n welbehae.

**SONDAGAAND 18:00**

## Deur vernedering verhoog



**Skriflesing:**
Fil 2: 5-11 (1953)

**Teksvers**:
Fil 2: 5-11

**Sing:**
Volg die program op die bord.

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

*"[5] Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was. [6] Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, [7] maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; [8] en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis. [9] Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, [10] sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, [11] en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader."*

Kom geniet die Kersprogram tydens die aanddiens om 18:00



KOMMUNIKAATJIE
Gereformeerde Kerk Centurion

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

Jaargang 49 Nr 40 1 Desember 2024

# Gees, Siel en Liggaam

Aan die einde van die jaar voel baie mense uitgeput en afgetakel deur die eise van die lewe. In sulke tye is dit veral noodsaaklik om bestek te neem van ons verhouding met God. Te dikwels kry die eise van die lewe die oorhand, tot so 'n mate dat ons verhouding met God daaronder lei.

Paulus se boodskap aan die gemeente in Thessalonika, is dat elke gelowige selfs in uitdagende tye in hul geloof moet volhard en op God vertrou. Paulus lê ook klem op die rol wat ons as 'n gemeenskap van gelowiges in mekaar se lewens moet vervul, wanneer hy skryf: "*…bemoedig mekaar, en laat die een die ander in geloof opbou, soos julle inderdaad doen*" (1 Tessalonisense 5:11).

Paulus sluit aan by die heiligmaking van gelowiges, dat ons nie in ons geloof moet stagneer nie (Filippense 3:12-14), maar dat ons heiligwording met Hom nastreef in ons lewens (1 Tessalonisense 5:23). Hierdie heiligmaking is nie 'n menslike prestasie nie, maar die werk van die Heilige Gees, wat ons menslike bestaan omvorm.

Dit is daar waar die samehang tussen gees, siel en liggaam duidelik word.

Die teks verduidelik dat gees, siel en liggaam nie as afsonderlike komponente beskou moet word nie, maar as die volheid van God se werk in ons lewens.

Die gees: Hiermee word verwys na ons bewussyn van God en die werking van die Heilige Gees in ons verhouding met God. Christus het hierdie herstel gebring deur sy kruisdood, wat ons weer in 'n regte verhouding met God stel.

Die siel: Dit is die unieke bepaler van jou menswees – wie jy *is*. Dit is jou menslike selfbewussyn, die lewe binne jou wat nooit ophou bestaan nie.

Die liggaam: Dit moet beskou word as die huisvesting van ons gees en siel. Ons moet deur ons liggaam as't ware God verheerlik (1 Korintiërs 6:19-20).

Vervolg bl 5...

## *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Die nuwe lewe in Christus!

Telefoon: **012 664 2614** Basdenlaan 226
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00* Lyttelton
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS**: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS**: Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET**: http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK**: Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

### KOLLEKTES

| Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens) | Vandag: **Emeritaatsversorging** (by die deure) | **Instandhoudingsfonds** |
|---|---|---|
| Volgende week: **Barmhartigheid** | Volgende week: **Ekumensiteit Buiteland** | |

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za



...vervolg van bl 1

Anders gestel, dit is nie moontlik om in 'n volle verhouding met God te wees sonder die samehang tussen gees, siel en liggaam nie. Sonder die Heilige Gees, kan ons nie 'n persoonlike verhouding deur ons gees met God hê nie (Romeine 8:12-17); sonder ons unieke menswees en 'n gesonde siel sal ons nie kan verbly in die Here nie (Matteus 11:28-29), en indien ons nie ons liggame as offer aan God bied nie, bring ons God in oneer en is ons ongehoorsaam (Romeine 12:1). Daar is 'n verband tussen die gees, siel en liggaam in ons verhouding met God.

Daarvoor het ons Here Jesus self na hierdie wêreld gekom en mens geword, Hy is Immanuel – God met ons. Hy het ons volkome herstel en weer verbind aan God.

Daarom, wanneer ons in hierdie tyd van rus en besinning binnegaan laat ons strewe om 'n hernude verhouding met God te volg- in gees, siel en liggaam.

*"En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus!"* 1 Tess. 5:23

Oudl. Werner Human

### TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.


**1 Des**

Hester vd Merwe B5
Anita Snyman B10
Mari Coetzee C11



**8 Des**

Annelette Gentle B13
Gerti Erasmus C14



## Kerssangdiens

U word almal uitgenooi na die Kerssangdiens op 1 Des tydens die aanddiens.

Die program sluit in:

- Heerlike samesang met die oog op die Kersgety.
- Kinders word ook uitgenooi om die aand te kom saamsing!!

**Kom loof die Here met**


**Klein advertensies:**

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Voetversorging** – eelte, ingroei toonnaels, liddorings en skuur van hake, ligte voetmassering, knip en verf naels. Dames en mans R220, pensionarisse R170. Ansie Kruger 072 063 1062 te La Vie Aftree-oord.

## 2024 Geloftefees in Centurion

Plek: **Gereformeerde Kerk Centurion**
Basdenlaan 226, Lyttelton
Datum: **16 Desember 2024**
Aanvangstyd: **09h00**
Geloftediens: Dr. Dewyk Ungerer
Feesrede:Van Rooy van den Berg
Kontakpersone:Charl vd Bergh - 0726987956/
Paul Retief - 082562 9845
Die verrigtinge sal ook gestroom word op
stroom.gkcenturion.co.za




**Beskikbaar by die kerkkantoor @ R130.**
Bring asb die korrekte kleingeld of
EVT bewys.

# GTA-AKSIE

Uitstappie na GLYKLIP
Saterdag, 11 Jan 2025
(Gr 7—12)

## Lydia's Heart Uitreik projek: Peiling

Die doel van hierdie berig is om u in te lig van 'n projek wat onlangs van stapel gestuur is en wat onder die Susters van die Gereformeerde Kerke se aandag gebring is.

Dit is 'n beskeie uitreik aksie, wat gedoop is '*Lydia's Heart*' (meer inligting sal aan belangstellendes verskaf word), van 'n gewone vrou na haar gemeenskap en ook die buiteland. Dit is 'n hekel-hartjie-boekmerk uitreikaksie wat begin is in 2022.

Indien u belangstel kontak:
Heila van Wyk 083 316 3781.

## Ouers van klein* kinders?

Ons wil mekaar leer ken, dien en ondersteun deur hierdie spesiale fase. daarom het ons 'n informele Whatsapp groep begin om hierdie gemeenskap te vorm en te gesels oor wat ons nodig het en hoe ons mekaar kan dien.

Skandeer die QR kode om aan te sluit by die Whatsapp groep. Indien jy probleme ondervind, stuur gerus 'n boodskap na Maryke **079 258 7040**.

**babas & kleuters is die fokus maar ons wil niemand uitsluit nie.*



# Verjaarsdae

## *Belydende lidmate*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 Des | Marius | Gerber | C14 | 0823272949 |
| 2 Des | Marco | Ellis | B01 | 0740843102 |
| | Danie | Meiring | B15 | 0646519263 |
| | Janita | Stolk | B05 | 0832384918 |
| | Adrian | v Antwerpen | A08 | 662 2519 |
| | Stephanie | v Jaarsveld | B03 | 0846036773 |
| 4 Des | Elana | Brits | B15 | 0827821416 |
| | Reynhardt | Kruger | B15 | 0824483406 |
| | Christine | Strydom | A04 | 0828722215 |
| 6 Des | Celliers | de Souza | A08 | 0829626275 |
| | Kara | Pieters | A10 | 0780731659 |
| 7 Des | André | Beumer | A09 | 0827779112 |
| | Natasha | Engelbrecht | A14 | 0726981649 |
| | Petru | Swanepoel | C13 | 0828004131 |
| | Hendri | Venter | C10 | 0795787457 |

## *Dooplidmate*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 Des | Estian | Dekker | B18 | 0824151034 |
| 6 Des | Daniël | Prinsloo | B08 | 0817402884 |

## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

Student Marno Hermann — Philippians 1:27-2:11

# Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Jors Groenewald sterk aan na 'n operasie (A3—082 819 5947*)*.
- Magda Saayman in 1 Mil hospitaal met knieprobleme (E01—071 998 1534).

***Meelewing*** word betuig met:

- Julie van Wyk en familie na die afsterwe van haar suster.
- Erika vd Wateren en familie na die afsterwe van haar vader.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## Geluk

Josia en Ilana Gerber wat gister in die huwelik bevestig is.

### Beroepe ontvang

Proponent AJ (Riaan) Wattel na GK Welkom.

## Kersdag

Woensdag, 25 Desember is daar 'n oggend-erediens om 08:00 vanuit ons gemeente onder leiding van ds Lourens.

## Bybeltafel

Daar is weer 'n Bybeltafel by die hoofingang op die stoep vanoggend. Bybels in verskeie tale en kinderlektuur is beskikbaar. Neem gerus 'n Bybel en seën iemand hierdie feesseisoen daarmee. Baie dankie vir al u bydraes die afgelope jaar!

Die Biblosspan.